



Sentrum vir Leertegnologieë
Centre for Learning Technologies
iZiko lokuFunda ezobuGcisa

SUNLearn- gebruikersgids

Alle geregistreerde akademiese modules en kortkursusse word op SUNLearn aangebied. Om toegang te kry tot hierdie modules en kursusse waarvoor jy ingeskryf is, teken met jou Universiteit Stellenbosch-magtigingsbesonderhede

Contents

Afhandelingsnasporing ('Completion tracking')	2
Boek ('Book')	6
Boodskapdiens ('Messaging')	9
Bronadres ('URL')	10
Databasis ('Database')	12
Dokument ('File')	15
Etiketle ('Labels')	17
Forum ('Forum')	18
Groepe ('Groups')	20
Kalender ('Calendar')	23
Klets ('Chat')	25
Klikker ('Clicker')	28
Hoe om 'n lêer ('folder') te laai	33
Leseenheid ('Lesson')	35
Moodle Mobile-applikasie	38
Profielkeuses ('Profile settings')	42
SCORM	46
Turnitin Werkopdrag 2	51
Vasvra ('Quiz')	52
Vraelys ('Questionnaire')	58
Webblad ('Page')	62
Werkessie ('Workshop')	64
Werkstukke ('Assignments')	70
Wiki	74
Woordelys ('Glossary')	76



Afhandelingsnasporing ('Completion tracking')

➤ 'Activity settings'

Die soort aktiwiteit bepaal watter van die verskillende afhandelingsvereistes geld.

Byvoorbeeld, 'n *Webblad* sou kon vereis dat die opsteller eers 'n voorskou doen ('Require view'); 'n *Vasvra* sou kon vereis dat respondente eers hulle punt moet aanvra ('Require grade'), terwyl 'n *Forum* sou kon vereis dat deelnemers iets moet plaas, aan 'n bespreking moet deelneem of op iets moet reageer ('Require posts/discussions/replies').

➤ 'Completion tracking'

Daar is drie opsies:

- **'Do not indicate activity completion'** – die regmerkies of kruisies langs die aktiwiteit word nie vertoon nie.
- **'Students can manually mark the activity as completed'** – studente moet net op die regmerkie of kruisie klik om dit te verander.
- **'Show activity as complete when conditions are met'** – daar moet aan die afhandelingskriteria wat afgemerk is, voldoen word voordat die regmerkies of kruisies sal verander.

➤ 'Require view'

As hierdie opsie geaktiveer is, moet studente eers kyk hoe die aktiwiteit daar uitsien voordat hulle dit kan afhandel. In die meeste gevalle hoef 'n mens net op die skakel te klik om aan hierdie vereiste te voldoen.

As daar ander vereistes gestel is, is dit gewoonlik beter om nie 'n voorskou ook as voorwaarde te stel nie, want dit belas die bediener verder; boonop is dit onwaarskynlik dat studente aan enigeen van die ander kriteria sal kan voldoen sonder om eers te kyk hoe die aktiwiteit daar uitsien.

➤ 'Require grade'

As hierdie opsie geaktiveer is, moet daar eers 'n punt aan die student toegeken word voordat die aktiwiteit afgehandel kan word. 'n *Vasvra*, byvoorbeeld, sal as afgehandel afgemerk word sodra die respondent dit inlewer.



Dit maak nie saak hoe goed die student gevaar het nie; al wat nodig is om die aktiwiteit as afgehandel te beskou, is dat 'n punt toegeken word.

Dit is wel moontlik om uitslae in suksesvolle en onsuksesvolle probeerslae te verdeel. In daardie geval word die aktiwiteit aangetoon as óf suksesvol afgehandel ('completed, passed') óf onsuksesvol afgehandel ('completed, passed') eerder as bloot afgehandel ('complete'). Die twee soorte uitslae word met verskillende ikone en verskillende bewoording aangetoon.

➤ **Om hierdie opsie te aktiveer, moet die opsteller die puntetelling vasstel wat vir hierdie besondere aktiwiteit as 'suksesvol' sal geld:**

- Gaan na die punteboek en klik op 'Grades' in die 'Course administration'-blokkie.
- Maak die 'Choose an action'-kieslys oop en merk 'Categories and items'.
- Klik op die 'Edit'-ikoon langs die puntetoekenning vir hierdie aktiwiteit.
- Aktiveer 'Show advanced'.
- Voer 'n puntetelling (bv. 5.0) in by 'Grade to pass'.

Nadat dit gedoen is, sal enigiemand wat die vasvra inlewer óf die 'completed, passed' óf die 'completed, passed'-ikoon sien. As die vasvra verskeie keer gedoen kan word, sal die 'afgehandel'-ikoon vanself aangepas word wanneer die puntetelling verander.

Daar is wel een beperking: Hierdie opsie kan werk slegs as studente onmiddellik hulle uitslae kan sien. Die punt kan dus nie permanent óf tot 'n sekere datum versteek word nie. In gevalle waar die uitslag versteek is, sal net die standaardstatus ('completed') vertoon word – selfs nadat die tydperk waarvoor die uitslag versteek moes bly, verstryk het.

➤ **'Expect completed on'**

Met hierdie opsie kan studente nie die datum sien nie; dit word net in die 'Activity completion report' vertoon.

➤ **'Require posts'**

Hierdie opsie is by forums beskikbaar. Voordat die forum as 'complete' afgemerkt kan word, moet die student óf 'n bespreking begin óf op 'n bestaande bespreking reageer. Die aantal plasings wat vereis word, kan in die blokkie aangetoon word.



➤ **'Require discussions'**

Hierdie opsie is by forums beskikbaar. Voordat die forum as 'complete' afgemerkt kan word, moet die student 'n onderwerp van bespreking ophaal. Die aantal plasings wat vereis word, kan in die blokkie aangetoon word.

➤ **'Require replies'**

Hierdie opsie is by forums beskikbaar. Voordat die forum as 'complete' afgemerkt kan word, moet die student op 'n bespreking reageer. Die aantal plasings wat vereis word, kan in die blokkie aangetoon word.

➤ **'Locked completion options'**

Sodra minstens een persoon 'n aktiwiteit afgehandel het, raak die keuses in verband met afhandeling onveranderbaar. Die rede daarvoor is dat 'n verandering aan hierdie keuses onverwagte gevolge kan veroorsaak. Byvoorbeeld, as 'n student 'n aktiwiteit afgehandel het toe dit met die hand afgemerkt moes word en hierdie keuse word agterna verander sodat afhandeling vanself afgemerkt word, sal die aktiwiteit weer onafgemerk raak – groot gevaar van verwarring.

➤ **Wat gebeur as keuses opnuut beskikbaar raak?**

As jy keuses opnuut beskikbaar maak en dan op 'Save changes' klik, word alle afhandelingsinligting oor daardie aktiwiteit uitgewis en – indien moontlik – nuut gegenereer, ooreenkomstig die verstelde keuses. As die verstelde keuse is dat afhandeling met die hand afgemerkt moet word, sal die aktiwiteit vir alle studente as onafgehandel aangetoon word, ongeag wat vantevore aangetoon is.

As die verstelde keuse is dat die stelsel afhandeling vanself afmerk, sal dit van die keuses wat uitgeoefen is afhang of die stelsel dit kan regkry om 'n akkurate nuwe lesing vir alle studente te genereer of nie. Die vereiste dat studente voor afhandeling moet kyk hoe die aktiwiteit daar uitsien, sal ongedaan gemaak word: Selfs al het hulle 'n voorskou gekyk, sal die aktiwiteit afgemerkt word eers nadat dit weer gekyk is. Die meeste ander keuses kan suksesvol herbewerk word. As keuses oor afhandeling verander word terwyl 'n student aangeteken is, mag dit 'n ruk neem voordat die veranderings vir die gebruiker sigbaar raak.



➤ **'Required site settings'**

Voordat die 'Activity completion'-funksie gebruik kan word, moet die administreerder dit soos volg vir die webwerf aktiveer: Gaan na 'Settings > Site administration > Advanced features' en merk 'Enable completion tracking'.

➤ **'Required course settings'**

Gaan na 'Settings > Course administration > Edit settings' en soek die 'Student progress'-afdeling. Minstens 'Enabled', 'Control via (course) completion' en 'Activity settings' moet afgemerk wees.



Boek ('Book')

Die boekmodule stel dosente in staat om 'n bron wat verskeie bladsye beslaan in 'n formaat soortgelyk aan 'n boek te skep, met hoofstukke en onderafdelings. Boeke kan mediadokumente sowel as teks bevat, en is nuttig wanneer 'n mens lang stukke inligting wil vertoon wat in afdelings verdeel kan word.



Waarvoor boeke nuttig is:

- om leesmateriaal vir individuele studiemodules te vertoon
- as departementele personeelhandleiding
- as uitstalruimte vir studente se werk

Hoe om 'n boek te skep:

- **Stap 1:** Turn editing on
- **Stap 2:** + Add an activity or resource
- **Stap 3:** Klik op 'Book'.
- **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die boek in.

▼ General

Name*

Description*

Rich text editor toolbar: Bold, Italic, Underline, Bulleted list, Numbered list, Link, Unlink, Image, Video, Embed, Help.

Display description on course page

- **Stap 5:** Klik op 'Appearance'.

Hierdie opsies is by verstek ingevou.

Appearance

(These settings are collapsed by default.)

▼ Appearance

Chapter formatting Numbers

Custom titles

Appearance settings expanded



'Chapter formatting'

Die volgende opsies is beskikbaar:

- **'None'** – die titels van hoofstukke en onderafdelings word glad nie geformateer nie; kies hierdie opsie om spesifieke nommeringstyle op te stel. 'n Voorbeeld met letters: by 'Chapter titles', tik 'A First Chapter', 'A.1 Some Subchapter'.
- **'Numbers'** – hoofstukke en onderafdelings word genommer (1, 1.1, 1.2, 2 ...).
- **'Bullets'** – onderafdelings word ingekeep en met koeëlpunte aangedui.
- **'Indented'** – onderafdelings word ingekeep.

'Custom titles'


As hierdie funksie nie gemagtig is nie, verskyn die hoofstuk as 'n kopskrif boaan die inhoud. As 'Custom titles' wel gemagtig is, kan 'n mens 'n titel skep wat verskil van die een wat in die inhoudsopgawe staan óf jy kan kies om geen titel te vertoon nie. As 'Custom titles' gemagtig is, moet die hoofstuktitel as deel van die bladsy se inhoud verskaf word.

➤ **Stap 6:** Hoe om hoofstukke en onderafdelings by te voeg

- Hoofstuktitels word as skakels in die inhoudsopgawe vertoon, links van die inhoudstek. Hou titels bondig.
- As jy nog 'n hoofstuk wil byvoeg, klik op die +(plus)-ikoon in die inhoudsopgawe of eerste hoofstuk. Die nuwe hoofstuk sal ingevoeg word direk na die hoofstuk waarvan die titel op dieselfde reël staan as die rooi kruisie waarop jy moes klik (**skermkoot 1**).
- Maak seker dat die 'Subchapter'-blokkie afgemerkt is. 'n Hoofstuk kan 'n hele aantal onderafdelings bevat, maar 'n onderafdeling kan nie verder onderverdeel word nie. Om te sorg dat hierdie bron eenvoudig bly, word afdelings tot twee vlakke beperk (**skermkoot 2**).
- Die skerm vertoon nou 'n hoofstuk en 'n onderafdeling. Aangesien die opsie om hoofstukke te nommer nie afgemerkt is nie, toon die inhoudsopgawe nie dat die tweede 'hoofstuk' eintlik 'n onderafdeling is nie. Let egter op dat dit wel in die titel bokant die inhoudstek weerspieël word.



Let daarop dat die items in die inhoudsopgawe is nie genommer óf ingekeep nie, maar dit is bloot omdat dit so gekies het toe die boek opgestel is. 'n Mens kan altyd teruggaan en daaraan verander (**skermkoot 3**).



Skermkoot 1




Skermkoot 2



Skermkoot 3

➤ **Stap 7:** Hoe om hoofstukke te importeer

- Skep 'n kompklêer met HTML-dokumente en, as jy wil, multimedia-dokumente en -lêergidse. As jy onderafdelings wil laai, voeg 'sub' agteraan HTML-dokumente of lêers se naam.
- Gaan na 'Administration > Book administration > Import chapter'.
- Kies of elke HTML-dokument of lêer een hoofstuk moet verteenwoordig.
- Soek en selekteer die kompklêer deur óf op 'Add' te klik óf die sleep-en-los-metode te gebruik.
- Klik dan op 'Import'.




Boodskapdiens ('Messaging')

'Messaging' verwys na outomaties gegenereerde Moodle-kennisgewings oor nuwe forumplasings en kennisgewings oor die inlewering van werkopdragte sowel as gesprekke wat die kitsboodskapfunksie gebruik.

Boodskapkennisgewings

- Gebruikers kan kennisgewings van boodskappe op verskeie maniere van Moodle af ontvang, byvoorbeeld deur kitsboodskappe wat via 'Messages block' gestuur is; tutors mag vir studente wat hulle kursus doen, boodskappe via 'People block' stuur; dosente mag outomaties gegenereerde kennisgewings ontvang dat werkopdragte ingelewer is, en dosente kan kennisgewings ontvang dat probleme met die webwerf ervaar word.
- Elke gebruik kan self bepaal hoe sulke en ander soorte boodskappe by hulle uitkom deur op die 'Messaging'-skakel op hulle profielbladsy te klik en verskillende blokkies af te merk. Kyk by 'Messaging settings' vir meer inligting.



'Instant messaging'

As hierdie funksie vir die webwerf gemagtig is, kan Moodle-gebruikers vir mekaar boodskappe stuur. Boodskappe kan op die volgende plekke gegenereer word:

- administreerders gebruik '**Bulk user actions**'
- dosente gebruik '**People block**'
- gebruikers wat aangeteken is, gebruik '**Messages block**' en by '**Online Users block**'
- alle gebruikers wat aangeteken is, kan ook op 'n ander gebruiker se profiel te klik (mits die administreerder toegang tot profiele gemagtig het).



Bronadres ('URL')

Met die module vir 'n bronadres (BA) kan dosente 'n webskakel as kursusbron byvoeg. 'n Mens kan 'n skakel skep na enigiets wat vrylik aanlyn beskikbaar is, byvoorbeeld dokumente of beeldmateriaal; die BA hoef nie dié van die webwerf se tuisblad te wees nie. 'n Webblad se BA mag gekopieer en oorgeplak word, en dosente kan die versamellys gebruik om 'n skakel uit 'n bergplek soos Flickr, YouTube en Wikimedia te merk.

Die BA kan op 'n aantal maniere vertoon word, byvoorbeeld as ingebed of in 'n nuwe venster, en daar is gevorderde opsies oor die oordrag van inligting (bv. 'n student se naam) na die BA indien nodig.



Let op dat 'n mens ook die teksredigeerder kan gebruik om BA's by enige ander soort bron of aktiwiteit in te voeg.

- **Stap 1:** 
- **Stap 2:** 
- **Stap 3:** Klik op 'URL'.
- **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die dokument in.



- **Stap 5:** Klik op 'Content'.

Voeg die BA by die eksterne BA-veld in of klik op 'Choose a link' om die versamellys oop te maak en 'n BA uit YouTube, Picasa, ens. te merk.



➤ **Stap 6:** Klik op 'Appearance'.

▼ Appearance

Display ⓘ Automatic ▼

Pop-up width (in pixels) 620

Pop-up height (in pixels) 1000

Display URL description

➤ **Stap 7:** Klik op 'Display'.

- **'Automatic'** – voorspel so goed moontlik wat behoort te gebeur (die opsie wat waarskynlik 99% van die tyd gekies word).
- **'Embed'** – vertoon die Moodle-webblad met Moodle se kopskrif, blokke en voetskrif. Vertoon die naam of beskrywing van die item, en vertoon die dokument regstreeks op die webblad.
- **'Open'** – geen Moodle-kopskrif, -blokke, -voetskrif of -beskrywing nie; al wat die webblaaier vertoon, is die dokument (bv. beeldmateriaal, PDF's en flits-animasie, en vul die webblaaier se hele venster daarmee).
- **'In pop-up'** – net soos 'Open', maar 'n nuwe venster maak in die webblaaier oop om hierdie dokument te vertoon (sonder die Moodle-kopskrif, -blokke, ens.). Hierdie venster vertoon ook nie alle kieslyste wat die webblaaier bevat nie.

➤ **Stap 8:** [Save and return to course](#) [Save and display](#) [Cancel](#)



Databasis ('Database')

Met die module vir databasis-aktiwiteite kan deelnemers 'n versameling inskrywings skep, in stand hou en deursoek. Die dosent bepaal die struktuur van die inskrywings aan die hand van 'n aantal velde. Soorte velde kan afmerkblokkies, skakelknoppies, kieslyste, ruimte vir teksinvoeging, BA's en beeldmateriaal insluit, asook dokument wat gelaai is.

Die opsteller kan deur middel van databasistemplate beheer oor die visuele uitleg van inligting behou wanneer databasisinskrywings gelys, besoek of geredigeer word. Databasis-aktiwiteite kan as voorafgestelde aktiwiteite tussen kursusse uitgeruil word, en dosente kan databasisinskrywings ook importeer en eksporteer.

As die filter vir die outomatiese generering van skakels vir die databasis gemagtig is, sal 'n skakel na elke inskrywing in die databasis vanself ingevoeg word waar die betrokke woord of frase in die kursusmateriaal voorkom.

Die dosent kan voorsien vir kommentaar wat op inskrywings gelewer word. Dosente sowel as studente kan inskrywings ook beoordeel (eweknie-evaluering). Puntetellings kan saamgevoeg word om 'n finale punt te vorm wat in die punteboek aangeteken word.



Waarvoor databasis-aktiwiteite nuttig is:

- om 'n kollaboratiewe versameling webskakels, boeke, boekresensies, vaktydskrifverwysings, ensovoorts te skep
- om werk soos foto's, plakkate, webwerwe en gedigte wat deur studente gedoen is vir eweknie-kommentaar en -evaluering beskikbaar te stel

Hoe om 'n databasis-aktiwiteit by te voeg

- **Stap 1:** Turn editing on
- **Stap 2:** + Add an activity or resource
- **Stap 3:** Klik op 'Database'.
- **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die databasis in.



Adding a new Database

General

Name*

Description*

Display description on course page

➤ **Stap 5:** Kies uit die opsies hier onder.

INSKRYWINGS

Entries

Approval required ? No

Allow comments on entries No

Entries required for completion ? None

Entries required before viewing ? None

Maximum number of entries ? None

- **‘Approval required’**

‘Yes’ beteken ’n dosent moet inskrywings eers nagegaan en goedgekeur het voordat die databasis dit sal vertoon.

- **‘Allow comments on entries’**

‘Yes’ beteken gebruikers kan op databasisinskrywings kommentaar lewer.

- **‘Entries required for completion’**

Kies hoeveel inskrywings studente moet byvoeg voordat die aktiwiteit as ‘complete’ afgemerkt sal word.

- **‘Entries required for completion’**

Kies hoeveel inskrywings studente moet byvoeg voordat hulle insae in ander studente se inskrywings kry. **Let wel:** As jy wil vereis dat studente eers self inskrywings moet maak voordat hulle ander s’n mag sien, sorg dat die databasis se filter vir die outomatiese generering van skakels gedeaktiveer is. Die rede hiervoor is dat hierdie filter nie kan bepaal of ’n gebruiker die vereiste aantal inskrywings gemaak het nie.

- **‘Maximum number of entries’**

Hierdie opsie stel die perk op die hoeveelheid inskrywings wat studente mag maak.



BESKIKBAARHEID

▼ Availability

Available from	12	January	2015	15	55	<input type="checkbox"/>	Enable
Available to	12	January	2015	15	55	<input type="checkbox"/>	Enable
Read only from	12	January	2015	15	55	<input type="checkbox"/>	Enable
Read only to	12	January	2015	15	55	<input type="checkbox"/>	Enable

- **‘Available from’ en ‘Available to’**

Bepaal hier wanneer studente insae in die databasis kan kry.

- **‘Read only from’/‘Read only to’**

Vul hier die datums in – as jy dit wil hê – waarop studente die inskrywings in die databasis kan sien, maar nie self inskrywings kan invoeg nie. ’n Databasis kan byvoorbeeld ‘Available from’ gemaak word vanaf 1 Januarie en ‘Available to’ tot 1 Maart, maar ‘Read only from’ vanaf 1 Januarie en ‘Read only to’ tot 1 Februarie. Dit beteken studente kan ’n maand lank die databasis net besoek, waarna hulle hulle eie inskrywings kan byvoeg.

Die bepalings by ‘Available from’ en ‘Available to’ dra meer gewig as dié by ‘Read only from’ en ‘Read only to’. As die databasis dus ‘Read only from’ vanaf 1 Januarie gemaak is, en ‘Available from’ vanaf 1 Februarie, sal studente gedurende Januarie **nie** die inskrywings kan sien nie.

BEPUNTING

- **Rolle met bepuntingsgesag**

Databasisinskrywings kan aan die hand van ’n skaal bepunt word. By verstek kan slegs dosente databasisinskrywings bepunt, hoewel die reg om te bepunt ook aan studente verleen kan word – via ‘Administration > Database’. Dit is ’n nuttige instrument vir die toekenning van ’n deelnamepunt aan studente. Enige bepunting word in die punteboek aangeteken.

➤ **Stap 6:** [Save and display](#)

➤ **Stap 7:** Stel die velde op.

➤ **Stap 8:** Stel die template op.

➤ **Stap 9:** Maak een of twee eenderse inskrywings en redigeer dan die template soos nodig.




Dokument ('File')

Die module vir dokumente stel dosente in staat om 'n dokument as 'n kursusbron by te voeg. Dokumente sal, waar moontlik, op die kursuskoppelvlak vertoon word; andersins sal studente 'n aanporboodskap kry om dit af te laai. 'n Dokumentlêer kan ook steundokumente bevat. 'n HTML-blad, byvoorbeeld, kan ingebedde beeldmateriaal of flits-elemente bevat. Let op dat studente die gepaste sagteware op hulle rekenaar moet hê om die dokument te kan oopmaak.






Waarvoor die dokumentmodule nuttig is:

- om voorleggings wat in die klas gedoen is, beskikbaar te stel
- om 'n miniwebwerf as 'n kursusbron by te voeg
- om konsepdokumente van sekere sagtewareprogramme te verskaf sodat studente dit kan redigeer en inlewer vir assessering.

- **Stap 1:** 
- **Stap 2:** Sleep die dokument en los dit by die afdeling van die kursus waar dit moet vertoon word.
- **Stap 3:** Klik op die potlood-ikoon om die dokumentnaam te redigeer.

LANGER METODE


- **Stap 1:** 
- **Stap 2:**  **Add an activity or resource**
- **Stap 3:** Klik op 'File'.
- **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die dokument in.



~ General

Name*

Description




Display description on course page



- **Stap 5:** Voeg inhoud by deur óf op 'Add' te klik óf die sleep-en-los-metode te gebruik.

▼ Content



- **Stap 6:** Klik op 'Appearance' en merk op die kieslys hoe die dokument daar moet uitsien:

- **'Automatic'** – Moodle sal self besluit.
- **'Embed'** – die dokument sal op die Moodle-blad vertoon word.
- **'Force download'** – gebruikers sal gedwing word om die dokument te berg.
- **'Open'** – die dokument sal in die internetblaaier oopmaak, maar sonder die Moodle-blad se bykomstighede.
- **'Pop-up/New window'** – die dokument sal óf opwip óf in 'n nuwe venster oopmaak.
- **'In frame'** – as jy 'n aaklige stukkie nie-streng HTML wil gebruik wat nooit in ordentlike geselskap geduld behoort te word nie.

Save and return to course

Save and display

Cancel

➤ **Stap 7:**



Onthou, as jy dokumente wil sleep en los, **MOET** jy een van die volgende webblaaiers gebruik: Firefox, Chrome of Internet Explorer 10. As jou webblaaier hierdie funksie kan hanteer, sal die volgende boodskap bokant die 'Select files'-blokkie verskyn:

Maximum size for new files: Unlimited - drag and drop available ?






Etiket (‘Labels’)

Die etiketmodule maak dit moontlik om teks en multimedia-elemente op die kursusbladsy in te voeg tussen skakels wat na ander bronne en aktiwiteite lei. Etiket het baie gebruike en kan help om ’n kursus beter te laat vertoon as dit verstandig benut word.




Waarvoor etikette nuttig is:

- om ’n lang lys aktiwiteite met behulp van onderafdelings of beeldmateriaal op te deel
 - om ’n ingebedde klank- of videodokument regstreeks op die kursusbladsy te vertoon
 - om ’n kort beskrywing by ’n kursus in te voeg
- **Stap 1:** 
- **Stap 2:** 
- **Stap 3:** Klik op ‘Labels’.
- **Stap 4:** By ‘General’, tik die woorde in of voeg die bronne in waarop jy besluit het.




LET WEL: Aangesien die etiketmodule ’n teksredigeerder bevat, kan jy woorde intik én beeldmateriaal invoeg. Media of kodes word vanuit ‘Label’ se teksredigeerder gekoppel.

- **Stap 5:** Hierdie opsies is by verstek ingevou. Laat staan ‘Common module setting’ op ‘show’ sodat die etiket sigbaar kan wees.



- **Stap 6:** ‘Restrict access’/‘Activity completion’

Hierdie opsies is sigbaar as ‘Conditional activities’ en ‘Activity completion’ vir die webwerf en die kursus gemagtig is.

- **Stap 7:**   



Forum ('Forum')

Die module vir forumaktiwiteite stel deelnemers in staat om asinchrone gesprekke te voer; d.w.s. gesprekke wat oor 'n verloop van tyd plaasvind. Daar is verskeie soorte forums beskikbaar: 'n standaardforum (waar enigeen op enige tydstip 'n nuwe gesprek kan begin), 'n forum waar elke student slegs een gesprek kan plaas, 'n vraag-en-antwoord-forum (waar studente eers iets moet plaas voordat hulle ander studente se bydraes kan sien), ensovoorts.



Hoe om 'n forum te skep:

- **Stap 1:** Turn editing on
- **Stap 2:** + Add an activity or resource
- **Stap 3:** Klik op 'Forum'.

Stap 4: Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die forum in.

- **Stap 5:** Kies die soort forum.
 - **'Single simple discussion':** 'n Enkele onderwerp ter bespreking word op die blad ontwikkel; dit is nuttig vir gesprekke met 'n beperkte fokus.
 - **'Standard forum for general use':** Dit is 'n oop forum waar enigeen op enige tydstip 'n nuwe onderwerp vir algemene bespreking kan begin.
 - **'Each person posts one discussion':** Dit is nuttig wanneer jy wil hê elke student moet 'n gesprek oor die week se onderwerp begin, en al die ander moet op daarop reageer.
 - **'Q&A':** In plaas daarvan dat deelnemers besprekings begin, stel hulle 'n vraag in hulle aanvanklike bydrae tot die gesprek. Ander studente moet daarop antwoord, en kan medestudente se reaksie op die vraag onder bespreking eers sien nadat hulle self gereageer het.
 - **'Standard forum':** Die formaat is soortgelyk aan 'n blog.



- **Stap 6:** Laat aanhegels tot 'n maksimum grootte van 20 MB toe ('Maximum attachment size').

Attachments and word count

Maximum attachment size

Maximum number of attachments

Display word count

- **Stap 7:** Bepaal hoe deelnemers ingeskryf word:

- **'Optional subscription'** – deelnemers kan kies of hulle wil inskryf of nie.
- **'Forced subscription'** – almal word ingeskryf en kan dit nie kanselleer nie.
- **'Auto subscription'** – almal word aanvanklik ingeskryf, maar kan op enige tydstip besluit om dit te kanselleer.
- **'Subscription disabled'** – niemand mag inskryf nie.

- **Stap 8:** Kies die manier van bepunting (indien van toepassing).


- **Stap 9:** Stel die kriteria vir groepe of vrystelling.

- **Stap 10:** [Save and display](#)




Hoe om te verhoed of te sorg dat studente nuwe onderwerpe skep:

- **Stap 1:** Maak die bladsy oop waar 'n mens die forum opstel.
- **Stap 2:** Gaan na 'Settings' in die navigasiebalk op links.
- **Stap 3:** Klik op 'Permissions'.



- **Stap 4:** Blaai met die lys af tot by 'Allow/restrict student access'.

- **Stap 5:** Klik op 'To prevent students from starting new discussion'.



Groepe ('Groups')

Waarvoor groepe nuttig is:

- as 'n dosente 'n kursus vir verskeie klasse aanbied en filters wil opstel sodat die aktiwiteite en punteboek slegs een klas op 'n keer vertoon
- as 'n dosent 'n kursus saam met ander dosente aanbied en filters wil opstel sodat die aktiwiteite en punteboek nie die studente in kollegas se klas(se) vertoon nie
- as 'n dosente 'n bepaalde aktiwiteit of bron vir net een klas of een groep gebruikers wil beskikbaar stel, en nie wil hê ander moet dit kan sien nie

Groepe op verskillende vlakke

Groepe of groepeerings kan op twee vlakke gebruik word.

- **Op kursusvlak:** Die groeppodus wat op kursusvlak gekies word, geld by verstek vir alle aktiwiteite in daardie kursus waarvoor daar keuses gemaak kan word. As jy groepe wil gebruik, moet jy eers 'n groeppodus opstel. Doen dit by 'Administration > Course administration > Edit settings'.
 - **Op aktiwiteitsvlak:** As 'n bepaalde aktiwiteit groepe kan hanteer, kan 'n mens ook die groeppodus spesifiek vir daardie aktiwiteit opstel. As 'Yes' by 'Force group mode' vir die kursus gekies is, sal die opsie om die groeppodus vir afsonderlike aktiwiteite op te stel, nie beskikbaar wees nie. As 'No' gekies is, kan die dosent wel die groeppodus verander.
- **Stap 1:** Klik op die module waarin jy wil werk.
- **Stap 2:** Kyk by 'Administration', links op die skerm. Klik op 'Users' en dan op 'Groups'.

▼ Groups

Group mode ⓘ Separate groups ▾

Force group mode ⓘ No ▾

Default grouping None ▾

'Group mode'

Daar is drie modi vir groepe:

- **'No groups':** Daar is geen subgroepeerings nie; almal behoort tot een groot gemeenskap.
- **'Separate groups':** Die lede van elke groep het insae slegs in hulle eie groep; die ander groepe word nie vertoon nie.



- **‘Visible groups’:** Die lede van elke groep werk in hulle eie groep, maar het ook insae in die ander groepe.

As ‘Separate groups’ of ‘Visible groups’ op die kieslys vir ’n werkstuk afgemerks is, kan die dosent ’n filter opstel om die werk van studente uit slegs ’n sekere groep te sien. In die geval van ‘Visible groups’ kan studente sien watter ander groepe met dieselfde aktiwiteite as hulle besig is; met ‘Separate groups’ weet hulle dit nie.

Hoe om ’n groep te skep

- Maak ‘Administration > Course administration > Users > Groups’ oop en klik op ‘Create group’.
- Vul die ‘Name’- en, as jy wil, die ‘Description’-veld vir die groep in (dit sal boaan die lys groeplede op die bladsy vir deelnemers vertoon word), asook ’n inskrywingsleutel en -ikoon (dit sal op die bladsy vir deelnemers en langs forumplasinge vertoon word).
- Klik op ‘Save changes’.
- Merk die groep waarby jy deelnemers wil voeg en klik dan op ‘Add/remove users’.
- Merk op die ‘Potential members’-lys die gebruikers wat jy by die groep wil voeg. Gebruik die Ctrl-sleutel om verskeie gebruikers tegelyk te merk.
- Klik op ‘Add’ om die gemerkte gebruikers by die groep te voeg.

As jy wil, verskaf ’n ID-nommer vir die groep (’n gevorderde opsie) om die groep van eksterne stelsels te onderskei. Die groep se ID-nommer sal nêrens op die webblad vertoon word nie. Alle groepe binne ’n kursus moet hulle eie ID-nommer kry. ’n Mens kan dus nie ’n groep met dieselfde ID-nommer as ’n ander groep skep nie.

Laat die stelsel vanself ’n groep skep

Om die stelsel op te stel sodat dit vanself groepe skep, gaan na ‘Administration > Course administration > Users > Groups’ en klik op ‘Auto-create groups’. Klik op ‘Expand all’ regs boaan om al die beskikbare opsies te sien.



Algemeen

'n Mens kan die stelsel opstel om vanself name te genereer. Opeenvolgende syfers vervang die #-simbool, en letters vervang die @-simbool.

Byvoorbeeld:

- 'Group @' sal 'n groep met name op die patroon 'Groep A', 'Groep B', 'Groep C' ... oplewer.
- 'Group #' sal 'n groep met name op die patroon 'Groep 1', 'Groep 2', 'Groep 3' ... oplewer.

Nuwe groepe kan volgens twee soorte kriteria geskep word:

1. 'Number of groups' of
2. 'Group member count'

As die aantal groeplede die gestelde kriterium is, sal 'Prevent last small group' sorg dat bykomende lede by 'n bestaande groep gevoeg word eerder as dat 'n nuwe groep met minder as x aantal lede geskep word. Klik op 'Show more' as jy hierdie opsie wil kies.

'Group members'

By 'Select members from' kan jy kies of persone se rol ('role') of kohort ('cohort') die kriterium is. 'Specify' en 'Group/member count' gaan hand aan hand. 'Select members from cohort' lewer 'n lys op van alle kohorte waartoe gebruikers behoort wat vir die betrokke kursus ingeskryf is. Die syfer tussen hakies is die aantal gebruikers uit daardie kohort wat vir die kursus ingeskryf is.

'Grouping'

'Create in grouping' en 'Grouping name' maak dit moontlik om 'n nuwe groepering te skep waaronder die nuwe groepe wat die stelsel vanself gaan skep, sal ressorteer. 'n Mens kan kyk hoe groepe daar uitsien voordat jy dit finaal skep.

'Groups and enrol plugins'

As groep vanself – met behulp van inskrywings-inpropprogramme soos IMS Enterprise – geskep word, kan die lede nie met die hand van die inskrywingslys verwyder word op die kursus se 'Groups'-skerm nie. Dit moet via die inpropprogram gedoen word. Let ook op dat, wanneer die lys groeplede aan so 'n inpropprogram behoort, inligting onderaan 'n lid se naam op die 'Groups'-skerm vertoon word.

'Groups overview'

'n Oorsig oor groepe en groeperings is beskikbaar via die 'Overview'-oortjie

(by 'Administration > Course administration > Users > Groups')




Kalender ('Calendar')

Kalenderinskrywings word gedeel met:

- óf die gebruiker wat op daardie tydstip aangeteken is (gebruikersinskrywing)
- óf die gebruikers wat vir die kursus ingeskryf is (kursusinskrywing)
- óf 'n bepaalde groep – indien groepe alreeds geskep is (groepinskrywing)
- óf die hele LBS-gemeenskap (webwerf-inskrywing)


➤ **Stap 1:** Die kalender verskyn op die tuisblad sowel as die modulebladsy op regs.




➤ **Stap 2:** Klik op 'Go to calendar' of op 'New event'.

➤ **Stap 3:** Enige aktiwiteit wat in 'n module geskep en aan 'n bepaalde datum gekoppel is, sal op die modulekalender se kalenderbladsy aangedui word.

➤ **Stap 4:** Klik op 'iCal' om 'n SUNLearn-kalender met jou Outlook-kalender te sinchroniseer.



➤ **Stap 5:** Op die 'New event'-bladsy, kies die soort aktiwiteit en vul die 'Name'-veld vir die kalender in.




- **Gebruikersinskrywing ('User event')**: sigbaar slegs vir die gebruiker wat op daardie tydstip aangeteken is
- **Groepinskrywing ('Group event')**: sigbaar vir 'n bepaalde groep wat die kursus doen (afgemerk uit 'n kieslys)
- **Kursusinskrywing ('Course event')**: sigbaar vir deelnemers aan die betrokke kursus; slegs gebruikers wat magtiging het om kalenderinskrywings op kursusvlak te bestuur, kan kursusaktiwiteite byvoeg
- **Webwerf-inskrywing ('Site event')**: 'n 'globale' inskrywing; d.w.s. sigbaar op elke kursusbladsy én op die kalender op die tuisblad; slegs gebruikers wat magtiging het om kalenderinskrywings op stelselvlak te bestuur, kan webwerf-aktiwiteite byvoeg

➤ **Stap 6:** Bepaal 'n datum vir die inskrywing.

➤ **Stap 7:** Bepaal die tydsduur van die aktiwiteit.

▼ Duration

Without duration
 Until
 
 Duration in minutes

➤ **Stap 8:** Dit is ook moontlik om 'n inskrywing te laat herhaal.

▼ Repeated events

Repeat this event

Repeat weekly, creating altogether

➤ **Stap 9:** [Save changes](#)




Klets ('Chat')

Die module vir kletsaktiwiteite stel deelnemers in staat om teksgebaseerde, intydse sinchrone gesprekke te voer. Die klets kan 'n eenmalige aktiwiteit wees of dit kan elke dag of elke week op dieselfde tyd herhaal word. Kletssessies word bewaar en kan óf vir almal se insae beskikbaar gestel word óf beperk word tot gebruikers wat magtiging het om insae in die logboeke van kletssessies te kry. 'n Kletskamer is besonder nuttig wanneer die groep wat klets mekaar nie persoonlik kan ontmoet nie.

- **Stap 1:** Turn editing on
- **Stap 2:** + Add an activity or resource
- **Stap 3:** Klik op 'Chat'.
- **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die kletskamer in.
- **Stap 5:** Klik op 'Description'.


▼ General

Name of this chat room*

Description* 


- **Stap 6:** Klik op 'Chat sessions'.

▼ Chat sessions

Next chat time 

Repeat/publish session times

Save past sessions

Everyone can view past sessions 



○ **'Next chat time':**

Verskaf die datum en begintyd van die volgende sessie. Dit sal op die kalender vertoon word sodat studente kan weet hoe die skedule lyk. As jy hulle nie by die klets wil betrek nie, versteek die inskrywing of beperk die toegang daartoe.

○ **'Repeat/publish session times':**


Die skedulering van toekomstige kletsessies kan aan die hand van vier keuses opgestel word:

- **'Don't publish any chat times'** – daar is geen vaste tydsbepaling nie; dit staan studente vry om enige tyd te klets.
- **'No repeats – publish the specified time only'** – die begintyd van slegs die eersvolgende kletsessie ('Next chat time') word aangetoon. Met die opsies wat hier beskikbaar is, kan die opsteller besondere aktiwiteite of byeenkomste skeduleer of studente help om 'n geleë tydgleuf te bepaal waarin hulle ander studente in die kletskamer behoort te kan opspoor.
- **'At the same time every day'** – daaglikse kletsessies is nuttig om daaglikse kantoorure of werksessies in oorleg met leerders te skeduleer.
- **'At the same time every week'** – 'n kletsessie word vir dieselfde dag en tyd elke week skeduleer; dit kan nuttig wees, byvoorbeeld om bymekaar te kom en oor sleutelgedagtes en vrae uit die week se inhoud of assessering te besin.

○ **'Save past chats'**

Merk op die kieslys hoeveel dae se sessies bewaar moet word – of bewaar alles deur 'Never delete messages' te kies. As jy jou hoegenaamd bekommer oor gesprekke wat in die kletskamer gevoer mag word, wil jy dalk transkripsies daarvan bewaar om die gepastheid van die besprekings te monitor. As studente die kletskamer gebruik om aan 'n gesamentlike projek te werk, is dit beter om geen boodskappe uit te wis nie totdat die projek afgehandel is.



- **‘Everyone can view past sessions’**
Besluit of enigeen toegang tot vorige kletsessies kan kry, of nie.
- **Stap 7:** Kies ‘Common module settings’.
Die opsies hier is by verstek ingevou.
- **Stap 8:** Kies ‘Restrict access/Activity completion’.
Die opsies hier is by verstek ingevou. Dit is sigbaar slegs as ‘Conditional activities’ en ‘Activity completion’ op die webwerf en vir die kursus geaktiveer is.
- **Stap 9:** 



Klikker ('Clicker')

Klikker-aktiwiteit is nuttig vir assessering in die klaskamer. Dosente gebruik hierdie assesseringsmetode om studente se verstaansvlak van 'n besondere begrip te meet terwyl die lesing nog aan die gang is. Die algemeenste manier waarop dosente die klickertoestel gebruik, is om 'n gedeelte van die lesing af te handel en dan 'n vraag of vrae aan die studente te stel oor die werk wat pas gedek is. Studente se antwoorde dien as aanduiding van wat hulle begryp en wat hersien moet word.



Dosente wat klikker-aktiwiteit gereeld in die klaskamer wil gebruik, word aangeraai om die antwoorde na afloop van elke klas terug te stel. Sodoende beseft studente dat hulle vir hierdie lesings net een klickernommer hoef te onthou.

Fase 1: Die beskikbare opsies

Klik op die volgende plekke:

- **Stap 1:** Turn editing on
- **Stap 2:** + Add an activity or resource
- **Stap 3:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die klikker in.

- **Stap 4:** Stel die tydsbepaling sodat toegang tot die aktiwiteit tot klastyd beperk is.
- **Stap 5:** Moenie die aktiwiteit versteek nie, want dan kan 'n mens nie toegang daartoe kry nie.
- **Stap 6:** Save and display
- **Stap 7:** Voer op die volgende skerm die vrae in wat jy wil stel, en berg dit.



- **Stap 8:** Die klikkernommer sal boaan die skerm verskyn. Berg dit of teken dit iewers aan sodat jy dit vir die studente kan gee.

Overview Edit questions Templates Analysis Show responses

Clicker item number: 44053

Training Clicker

Separate groups

All participants

Submitted answers:
Questions: 2

Description

A clicker allows you to create an interactive class with a small or large group of : concepts in class and then ask questions that students can answer using their c: generate discussion.

Page after submit

Answer the questions...

Fase 2: Voorbereidings vir die gebruik van 'n klikker-aktiwiteit in die klaskamer

Dit verg 'n paar kunsies om te verseker dat klikker-aktiwiteite in die klaskamer volgens plan verloop.


- **Stap 1:** Maak seker dat die studente mobiele toestelle met internettoegang het, of met Wi-Fi-toegang (as dit in die klaskamer beskikbaar is).
- **Stap 2:** Toets eers die klikker-aktiwiteit voordat jy dit amptelik begin gebruik.
- **Stap 3:** Verduidelik aan die studente dat jy dit gebruik om seker te maak dat hulle die werk verstaan.
- **Stap 4:** Organiseer jou skyfie- of voorleggingsmateriaal só dat die klikker-aktiwiteit na 'n paar skyfies of 'n gedeelte van die inhoud uitgevoer kan word, voordat jy na 'n nuwe begrip aanbeweeg.
- **Stap 5:** Die meeste webblaaiers is hiervoor geskik. Studente wat effens verouderde Nokia- of BlackBerry-toestelle gebruik, sal die beste resultate met Opera Mini kry.
- **Stap 6:** Moedig die studente aan om die volgende bladsy op hulle foon te boekmerk: **yourls.sun.ac.za/c**
- **Stap 7:** Hierdie adres is die ENIGSTE manier waarop studente korrek aan klikker-aktiwiteite kan deelneem. Hulle **moenie** via SUNLearn toegang tot die aktiwiteit verkry nie.




Fase 3: Toegang vir studente

Hoe om vir studente te sê hoe om toegang tot die klikker te kry:


- **Stap 1:** Gee studente opdrag om te gaan na <http://yourls.sun.ac.za/c>



- **Stap 2:** Student sit die klikker kode in




- **Stap 3:** Studente reageer op die vrae
- **Stap 4:** Studente klik op 'submit'




Fase 4: Hoe om die antwoorde te sien

Doen die volgende om te sien wat studente geantwoord het:

- **Stap 1:** Klik op 'Clicker activity' op jou SUNLearn-webblad.
- **Stap 2:** Klik op 'Analysis'.



- **Stap 3:** Die ontleding bied 'n oorsig oor die antwoorde.




- **Stap 4:** Die inligting kan van hier af na Excel geëksporteer word.





Fase 5: Hoe om die antwoorde terug te stel sodat jy die klinkernommer herhaaldelik kan gebruik:

- **Stap 5:** Klik op 'Course administration' in die navigasiebalk op links.



- **Stap 6:** Klik op 'Reset'.
- **Stap 7:** Blaai af tot by 'Clicker' en merk die opsie wat jy wil terugstel.



- **Stap 8:** Klik op: 
- **Stap 9:** Dit sal slegs daardie aktiwiteit terugstel. MOENIE op enigiets anders op daardie bladsy klik NIE.



Hoe om 'n lêer ('folder') te laai

Die module vir lêers stel dosente in staat om 'n aantal verbandhoudende dokument binne 'n enkele lêer te vertoon, wat minder rondblaaier op die kursusbladsy verg. Jy kan 'n kompaklêer laai en dekompakteer om dit te vertoon, of jy kan 'n leë lêer skep en dokumente daarin laai.



Waarvoor lêers nuttig is:

- om 'n reeks dokumente te hanteer
 - om 'n gedeelte laairuimte vir dosente op die kursusbladsy te verskaf
- **Stap 1:**
- **Stap 2:** Sleep die lêer en los dit by die afdeling van die kursus waar hê dit moet vertoon word.
- **Stap 3:** Klik op die handeling wat jy met die lêer wil uitvoer, en dan op 'Upload'.
- **Stap 4:** Klik op die potlood-ikoon om die lêernaam te redigeer.

OF

- **Stap 1:**
- **Stap 2:**
- **Stap 3:** Klik op 'Folder'.
- **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die lêer in.

▼ General

Name*

Description*


Display description on course page

- **Stap 5:** Klik op 'Content'.




Sleep 'n kompak- of saamgepersde lêer en los dit in die blokkie met die pyltjie, of




klik op 'Add' om die 'File picker'-versamellys oop te maak en 'n dokument te merk wat op jou rekenaar of in 'n bergplek lê.



OF

- **Stap 1:** 
- **Stap 2:** 
- **Stap 3:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die lêer in.
- **Stap 4:** Klik op 'Create folder', verskaf 'n naam vir die nuwe lêer en klik op 'Create folder'.
- **Stap 5:** Kies 'INTO the folder'.
- **Stap 6:** Nou kan jy afsonderlike dokumente in die lêer byvoeg óf deur dit te sleep en in die blokkie te laat los óf deur op 'Add' te klik om dokumente uit die versamellys te kies.
- **Stap 7:** Bepaal hoe die lêer se inhoud daar moet uitsien deur jou keuses te merk by 'Common module' en 'Conditional activities' (as laasgenoemde gemagtig is).
- **Stap 8:** 



- Jy KAN NIE sekere items in 'n lêer versteek nie.
- SLEGS die volgende webblaaiers bied die funksie om dokumente te sleep en los: Firefox, Chrome of Internet Explorer 10. Webblaaiers wat dit kan doen, sal die volgende boodskap bokant die 'Select

files'-blokkie vertoon:

Maximum size for new files: Unlimited - drag and drop available 



Leseenheid ('Lesson')

Die module vir leseenheid-aktiwiteite bied aan dosente interessante en buigsame maniere om inhoud en praktiese aktiwiteite aan te bied. Leseenhede kan byvoorbeeld gebruik word om 'n lineêre stel inhoudsbladsye of onderrigaktiwiteite te skep wat 'n verskeidenheid paaie of opsies aan studente bied.

Hoe dit ook al sy, dosente kan kies om betrokkenheid te verhoog en begrip te verseker deur verskillende soorte vrae te gebruik, byvoorbeeld veelkeusevrae, afparingsvrae en kortvrae.

Na gelang van die antwoord wat die student kies en hoe die dosent die leseenheid ontwikkel, kan studente na die volgende bladsy vorder, na 'n vorige bladsy teruggeneem word of met 'n heel ander weg langs begelei word.

As die leseenheid bepunt word, word die punt in die punteboek aangeteken.



Waarvoor lesse nuttig is:

- vir selfbestuurde leer oor 'n nuwe onderwerp
- vir scenario's of simulasies, of oefeninge in besluitneming
- vir gedifferensieerde hersiening, met verskillende stelle hersieningsvrae na gelang van die antwoorde wat op die aanvanklike vrae verstrek is

➤ **Stap 1:**

➤ **Stap 2:** **+ Add an activity or resource**

➤ **Stap 3:** Klik op 'Lesson'.

➤ **Stap 4:** Vul die 'Name'- en die 'Description'-veld vir die leseenheid in.


Adding a new Lesson

▼ General

Name*



➤ **Stap 5:** Opsies oor 'Appearance' is by verstek ingevou.



- **'File pop'**: As jy op die bladsy vir die leseenheid 'n skakel na 'n dokument toe wil insluit sodat studente daarna kan verwys, laai dit hier.
- **'Progress bar'**: Merk hierdie opsie om 'n balk onderaan die bladsy te sien wat wys hoe ver die student met die leseenheid gevorder het.
- **'Display ongoing score'**: Merk hierdie opsie sodat studente hulle puntetelling kan sien terwyl hulle die leseenheid deurwerk.
- **'Display left menu'**: Merk hierdie opsie sodat 'n lys verskyn van die bladsye wat die leseenheid uitmaak en studente dus kan sien wat volgende kom.
- **'Minimum grade to display menu'**: Merk hierdie opsie sodat studente een keer deur die leseenheid moet werk en bepunt word voordat hulle al die verskillende bladsye kan sien en rondblaai.
- **'Slideshow'**: Neem asseblief kennis dat die skyfievertoningmodus tans nie vir Moodle 2 beskikbaar is nie.
- **'Maximum number of answers'**: Bepaal hoeveel antwoordblokkies dit by verstek gaan oplewer as jy jou vraag- of inhoudsbladsy sou byvoeg. Byvoorbeeld, as jy net 'Waar/Vals' gaan gebruik, sal dit twee blokkies benodig. Dit is nie so belangrik nie, want 'n mens kan hierdie keuse op enige tydstip verander.
- **'Use default feedback'**: Met hierdie opsie kan jy 'n vaste uitdrukking op die skerm laat verskyn, ongeag wat die student se antwoord was. As jy jou eie



verstekfrases vir terugvoer opgestel het (bv. 'Mooi so, dis korrek' en 'Toemaar, volgende keer gaan dit beter'), sal dít wees wat verskyn. As jy nie jou eie frases opgestel het nie, sal Moodle se verstekterugvoer vertoon word.

- **'Link to next activity':** Merk hierdie opsie om vir studente 'n skakel na 'n ander aktiwiteit te verskaf wanneer hulle aan die einde van die leseenheid kom.

➤ **Stap 6: 'Availability'**

Availability

Available from 12 January 2015 15 30 Enable

Deadline 12 January 2015 15 30 Enable

Time limit (minutes) 20 Enable

Password protected lesson No

Password Unmask


➤ **Stap 7:** [Save and return to course](#)





Moodle Mobile-applikasie

Moodle Mobile is Moodle se amptelike mobiele applikasie. Daarmee kan jy die inhoud van jou kursusse deurkyk, selfs ongekoppel. Dit stel jou onmiddellik in kennis van boodskappe en ander gebeure. Jy kan ander mense wat die kursus volg, vinnig soek en kontak. Met Moodle Mobile kan jy beeldmateriaal, klankgrepe, video's en ander lêers vanaf jou mobiele toestel laai. (Aanwysings hier onder: **Android op links, iOS op regs.**)


- **Stap 1:** Laai Moodle (MM) by een van die volgende plekke af:



- **Stap 2:** Play Store of App Store sal op die tuisblad oopmaak:




➤ **Stap 3:** Tik in die 'search'-veld, Moodle Mobile:



➤ **Stap 4:** Klik dan op 'Install':





➤ **Stap 5:** Klik op 'Open' om Moodle Mobile oop te maak:





- **Stap 6:** Tik die volgende adres in die webwerf se URL-veld:



<http://www.learn.sun.ac.za> en klik dan op 'Add'.





- **Stap 7:** Wanneer 'You need to log into the site in a browser window' verskyn, klik 'yes':



- **Stap 8:** Vul jou gebruikersnaam en wagwoord in:




➤ **Stap 9:** So lyk Moodle Mobile se tuisblad:



Profielkeuses ('Profile settings')

Moodle skep 'n persoonlike profiel wat geld vir alle Moodle-vakke waarvoor 'n student ingeskryf is. 'n Mens kan jou profiel op enige tydstip aanpas. Jy kan besluit of jou e-posadres vertoon of versteek moet word, om 'n foto of avatar in te sluit of om 'n skakel na jou webwerf toe in te voeg.

Gaan na 'My home page' en dan na die 'Settings'-groep. Klik op 'My profile settings' (om die kieslys te laat verskyn) en dan op 'Edit profile'.



➤ Hoe om jou profiel aan te pas

Administrerders kan gebruikersprofiel bywerk via 'Administration > Users > Accounts > Add a new user/Browse list of users', en individuele gebruikers kan hulle profiel bywerk deur na 'Settings > My profile settings' te gaan en op 'Edit profile' te klik. Die keusevelde is in drie afdelings verdeel: 'General', 'Picture' en 'Optional'. Elke afdeling word hier onder uiteengesit. Let op dat sommige opsies gevorderd is (aangedui as 'advanced'). Dit mag beteken dat jy op 'Show advanced' (op regs) moet klik voordat alle opsies vertoon word. Die gevorderde opsies word hier onder aangedui. Onthou om op 'Update profile' te klik wanneer jy klaar is.

➤ 'General'

Die eerste afdeling bevat velde wat 'n mens verplig is om in te vul:

- **'First name'** en **'Surname'**: Dit verg geen verduideliking nie. Oral waar jy jou in 'n Moodle-kursus bevind, sal die stelsel jou aan hierdie twee inskrywings uitken.
- **'Email address'**: Verskaf 'n e-posadres wat jy gereeld nagaan. Moodle gebruik dit om bevestigings en kennisgewings vir jou te stuur, onder meer boodskappe vanaf forums waarvoor jy ingeskryf is. Dit is ook die adres wat aan ander Moodle-gebruikers vertoon sal word, onderhewig aan jou keuse by 'Email display' (net hierna).



- **‘Email display’:** Hierdie keuse bepaal of ander gebruikers jou e-posadres kan sien. Die drie opsies spreek vanself, maar let asseblief daarop dat ‘Hide my email address from everyone’ dit slegs vir studente versteek. Dosente en ander personeel wat redigeerdersmagte het, sal altyd jou e-posadres kan sien.
- **‘Email format’:** Daar is twee moontlike formate: ‘Pretty HTML format’ (boodskappe word geformateer) en ‘Plain text format’ (skoonteks, sonder enige formattering, word vertoon).
- **‘Email digest type’:** Hierdie keuse bepaal hoe plasings vanaf enige forum waarvoor jy ingeskryf is, aan jou gestuur word. Jy kan kies om boodskappe een-een te ontvang of almal saam een keer per dag.
- **‘Forum auto-subscribe’:** Met hierdie keuse bepaal jy of jy e-posafskrifte van forumplasings ontvang. ‘Subscribe’ beteken dat die stelsel vanself afskrifte van nuwe plasings in forums waar jy plasings maak, aan jou sal e-pos tensy jy hierdie opsie met die hand uitskakel wanneer jy iets plaas.
- **‘Forum tracking’:** As hierdie opsie geaktiveer is, word die plasings wat jy nog nie gelees het nie, gemerk. Dit behoort dit makliker te maak om op die forum rond te soek.
- **‘When editing text’:** Gewoonlik kan die keuse op ‘Use HTML editor (some browsers only)’ gelaat word. Dit kan teksformattering-opsies hanteer, maar verg onlangser webblaaiers. As jou webblaaier jou nie toelaat om teks te redigeer nie, verander hierdie keuse na ‘Use standard web forms’.
- **‘City/town’ en ‘Country’:** Vul jou lokaliteit in.
